

Slagoffer-vriendelike vertrekke

Dit is 'n vertrek(ke) by 'n polisiestrasie wat vir die slagoffer se gebruik voorsien word.

Hierdie fasiliteit sal privaatheid voorsien vir die slagoffer om sy of haar verklaring af te lê.

Hierdie fasiliteit word ook gebruik om verklarings van kinders af te neem en kan speelgoed insluit, selfs spesiale speelgoed wat deur deskundiges gebruik word (gewoonlik met die hulp van bemiddelaars) om met die afneem van verklarings te help.

By die toneel van die insident, sal die polisie -

- die klaer opspoor en redelike stappe neem om die klaer teen enige verdere gevaar te beskerm
- 'n omgewing skep wat bydra tot kommunikasie
- verklarings van die klaer en getuie(nis(se)) afneem
- die respondent onmiddelik sonder 'n lasbrief arresteer as daar rede is om te glo dat 'n gewelddaad gepleeg is
- vir enige vuurwapens en/of gevaarlike wapens soek wat die persoon wat óf gedreig het om iemand dood te maak óf seer te maak dalk in sy of haar besit het. Ons sal dit ook doen as ons tevrede is dat die oortreder se geestestoestand, neiging tot geweld en/of afhanklikheid van alkohol of dwelms sy of haar gedrag kan beïnvloed en 'n gevaar vir enigiemand inhou.

Watter ander bystand sal die polisie voorsien?

Indien enigsins moontlik, sal ons jou help om toegang te verkry tot –

- mediese aandag
- skooling
- slagoffer berading.

Ons sal jou inlig oor –

- die ondersteuningsdienste wat in die area beskikbaar is, alternatiewe skuilplekke, indien beskikbaar
- beradingsdienste, indien nodig
- mediese bystand
- gratis dienste wat beskikbaar is
- die tyd van die dag wat hierdie dienste beskikbaar is.

Ons sal 'n gesondheidsorgdeskundige versoek om mediese bewyse te versamel en rekord daarvan te hou om 'n kriminele saak te ondersteun.

As jy 'n beskermingsbevel het, sal ons jou na jou huis vergesel om jou persoonlike besittings te gaan afhaal.

Wat kan ek doen as 'n polisielid versuim om hierdie verpligting na te kom?

As 'n polisiebeampte versuim om hierdie verpligting na te kom, kan jy die aangeleentheid by die stasiebevelvoerder van die polisiestrasie aanmeld.

As jy nie tevrede is met die manier waarop die stasiebevelvoerder jou klagte hanteer nie, kan jy die aangeleentheid persoonlik by die Onafhanklike Klagte Direktooraat (OKD) aanmeld. Die plaaslike polisie sal jou van hulle kontakbesonderhede voorsien.

Wie mag ek kontak?

Kontak jou plaaslike polisiestrasie



SAPD-noodlyn **10111**

SAPD Stop Misdaad **08600 10111**

Stop Geslagsgeweld-hulplyn **0800 150 150**

Kinderlyn **0800 055 555**

VIGS-hulplyn **0800 012 322**

SAPD Eenheid vir Gesinsgeweld,
Kinderbeskerming en Seksuele Oor-
treddings, Hoofkantoor, Pretoria **012 393 2184**

Sigbare Polisiëring:
Geslagsgebaseerde Geweld en
Slagofferbemaatriging **012 421 8000**




www.saps.gov.za



www.saps.gov.za

Verbreek die Stilte oor Gesinsgeweld



Gesinsgeweld

Daar is 'n wanpersepsie dat gesinsgeweld slegs fisiese geweld insluit, maar die gedrag wat gesinsgeweld uitmaak verskil van aard en herhalendheid.

Die Wet op Gesinsgeweld, 1998 (Wetnr 116 van 1998) reguleer die prosedure wat gevolg moet word ten opsigte van gesinsgeweld en voorsien regsmeddele aan die slagoffer.

Gesinsgeweld vind tussen persone plaas wat in 'n gesinsverhouding is of was.

Wat is 'n gesinsverhouding?

'n Gesinsverhouding verwys na 'n verhouding tussen die klaer (slagoffer) en die respondent (dader van gesinsgeweld) waar hulle -

- is of met mekaar getroud was ingevolge enige wet, gebruik of godsdiens
- woon of saam in 'n verhouding gewoon het as man en vrou (ongegag of hulle van dieselfde of teenoorgestelde geslag is)
- die ouers van 'n kind is of die ouerlike verantwoordelikheid ten opsigte van die kind deel of gedeel het (ongegag of dit op dieselfde tydstip is of nie)
- familieledede is verwant aan mekaar deur aanverwantskap, bloedverwantskap of aanneming
- in 'n verlouings-, uitgaan- of gebruiklike verhouding is of was met inbegrip van 'n werklike of veronderstelde romantiese, intieme of seksuele verhouding van enige tydskuur
- dieselfde woning deel of onlangs gedeel het.

Wat is gesinsgeweld?

Gesinsgeweld is -

- **fisiese mishandeling** (byvoorbeeld klap, byt, skop, aanrand en dreigemente om fisiese geweld teweeg te bring)
- **emosionele, verbale en sielkundige mishandeling** (byvoorbeeld beledigings, geswets, vernedering en inbreuk op privaatheid)
- **seksuele mishandeling** (byvoorbeeld om 'n persoon te dwing om seks te doen sy of haar sin te hê en seksuele aanranding)
- **ekonomiese mishandeling** (byvoorbeeld as die respondent onredelik geld weerhou waarop 'n klaer regtens geregtig is deur te weier om die verband terugbetalings of betaling van huur ten opsigte van die gedeelde woning te betaal of te deel of die onredelike vervreemding van huishoudelike besittings waarin jy belang het, sonder jou toestemming)
- **agtervolging** (byvoorbeeld die herhaaldelike volging, agtervolging of die bydam van die klaer)
- **skade aan eiendom** (byvoorbeeld om die meubels te breek en die wiele van die slagoffer se motor af te blaas)
- **ongemagtigde toegang** tot die woning van die slagoffer (byvoorbeeld om die woning van 'n vorige meisie sonder haar toestemming binne te gaan)
- **intimidasie** (geskrewe of verbale doodsdreigemente wat vrees inboesem)
- **teistering** (byvoorbeeld die herhaaldelike maak van ongewenste telefoonoproepe na die klaer, die herhaaldelike dophou van die persoon of die rondslenter by plekke waar die slagoffer hom of haar bevind)
- **enige ander oorheersende gedrag** teenoor die klaer wat die veiligheid of welstand van die slagoffer skaad.

Wat is my opsies as ek 'n slagoffer van gesinsgeweld is?

Jy het die reg om -

- 'n kriminele klag te lê as die gedrag van die dader 'n misdaad uitmaak
- aansoek te doen om 'n beskermingsbevel by die naaste landdroshof
- 'n kriminele klag te lê en om 'n beskermingsbevel aansoek te doen.

Die lê van 'n kriminele klag is nie 'n vereiste vir die aansoek om 'n beskermingsbevel nie.

Wat is 'n beskermingsbevel?

Dit is 'n bevel wat deur 'n magistratuur uitgereik word wanneer die slagoffer daarvoor aansoek doen, wat -

- die dader van gesinsgeweld **VERPLIG** om op 'n sekere manier op te tree (byvoorbeeld om die huur te betaal)
- die dader van gesinsgeweld **VERBOD** om sekere dade te pleeg (byvoorbeeld, hy of sy mag nie die slagoffer aanrand of mee in verbinding tree nie).

Dit kan ook die dader verhoed om hulp van 'n ander persoon te kry om hierdie dade te pleeg.

Die doel van 'n beskermingsbevel is om die herhaling van die gesinsgeweld te verhoed, (byvoorbeeld om die fisiese mishandeling te stop of die teistering deur die respondent te stop). Die beskermingsbevel poog om die veiligheid van die klaer te verseker, vry van die vrees vir pyn en vernedering wat die respondent die klaer kan aandoen. Die beskermingsbevel meld ook wat die respondent nie mag doen nie.

Solank die respondent die beskermingsbevel nakom, sal die klaer veilig wees. As die respondent egter enige bepaling van die beskermingsbevel veronagsaam, kan die respondent gearresteer word.

Wie kan om 'n beskermingsbevel aansoek doen?

- 'n Slagoffer of enige ander persoon wat 'n wesenlike belang in die welstand van die slagoffer het, wat 'n raadgever, 'n gesondheidsdiensverskaffer, 'n lid van die SAPD, 'n maatskaplike werker of onderwyser insluit.
- 'n Persoon wat naamliks die slagoffer aansoek doen moet geskrewe toestemming hê om dit te doen, tensy die klaer -

- 'n minderjarige
- verstandelik vertraag
- bewusteloos
- 'n persoon is met wie die hof tevrede is nie die nodige toestemming kan gee nie.

Wat kan ek doen as die dader 'n beskermingsbevel veronagsaam?

- Bel die polisie. Hulle sal jou vra om 'n beëdigde verklaring af te lê.
- Oorhandig die lasbrief tot inhegtenisname aan die polisie wat aandui dat jy dit tesame met die beskermingsbevel ontvang het. As jy dit nie byderhand het nie, moet jy die lede sodanig inlig.

- As jy aan dreigende leed blootstaan as gevolg van die oortreding sal die dader gearresteer word.
- As jy nie aan dreigende leed blootstaan nie, sal die dader nie gearresteer word nie, maar gedagvaar word om op die volgende hofdatum in die hof te verskyn (deur middel van Vorm 11).

Maak seker dat jy 'n noodveiligheidsplan gereed het

- Identifiseer plekke waar jy vinnig en maklik toegang tot 'n telefoon kan kry.
- Dra altyd 'n lys noodnommers saam met jou.
- Maak seker dat mense wat jy vertrou 'n afskrif van die beskermingsbevel en lasbrief tot inhegtenisname het.
- Hou geld op 'n veilige plek wat jy kan gebruik om 'n taxi of bus in 'n noodgeval te neem.
- Hou 'n ekstra stel sleutels vir die huis of kar op 'n veilige plek.
- Indien moontlik, pak 'n stel kleure vir jou (en jou kinders) in 'n tas en hou dit op 'n veilige plek (byvoorbeeld by jou bure se huis).
- As jy beplan om weg te gaan, gaan weg wanneer die dader nie in die omtrek is nie, en neem jou kinders saam met jou.
- Maak seker dat jy noodsaaklike dokumente, soos jou ID, jou mediese fondskartaart, en jou spaarkartaart of kredietkartaart by jou het.

Onderneming van die Suid-Afrikaanse Polisie diens aan slagoffers van gesinsgeweld

Die SAPD onderneem om slagoffers van gesinsgeweld met sensitiwiteit en sorg te behandel.

As polisiebeamptes, sal ons -

- slagoffers met respek behandel en hulle waardigheid beskerm
- luister na wat slagoffers te sê het
- nie slagoffers beledig of blameer of voorstel dat dit hulle skuld was dat hulle mishandel is nie
- slagoffers met empatie en sorg bystaan
- slagoffers oor hulle regte en opinies inlig.

Om seker te maak dat dit gedoen is, sal die SAPD -

- slagoffers vra om die Voorvalleboek by die polisie stasie te teken
- slagoffers met 'n kennisgewing voorsien, dit in 'n taal verduidelik wat hulle verstaan, en verduidelik hoe hulle moet voortgaan
- 'n poging aanwend om iemand op te spoor om met die slagoffer te praat in 'n taal wat hy of sy verstaan
- 'n slagoffer se verklaring in privaatheid afneem en nie in die teenwoordigheid van die mishandelaar of die publiek nie
- besluit oor die basis van jou verklaring, of die mishandelaar gearresteer moet word of nie, en of sy of haar vuurwapen geneem moet word of nie, asook die slagoffer se benodighede te bepaal en hoe om hom of haar by te staan
- 'n beskermingsbevel dien op die persoon waarteen dit uitgereik is, soos deur die hof beveel
- 'n afskrif van die beskermingsbevel hou en rekord van elke arrestasie vir die slagoffer as bewyse hou
- die slagoffer se klagte in die Insident Register by die stasie noteer as verdere bewyse dat die slagoffer die saak gerapporteer het
- terugvoer oor die ondersoek voorsien.